BURGER (Kaap), Kuns en Vermaak
14 May 2013, p.10




**Die Four Seasons in Jersey Boys (van links na regs) is Kenneth Meyer wat die rol van Bob Gaudio vertolk, Daniel Buys wat die rol van Tommy de Vitor vertolk, Grant Almirall wat Frankie Valli speel en Emmanuel Castis wat die rol van Nick Massi vertolk. Hierdie veelbekroonde musiekblyspel is tans te sien in die Teatro @ Montecasino, tot 9 Junie. Daarna sal dit in die Kunstekaap in Kaapstad op 19 Junie geopen word.** Foto: MAYE-E WONG

# Musiekspel 'Jersey Boys' kom Kaapstad toe

Die veelbekroonde trefferblyspel *Jersey Boys*, wat nou al internasionaale deur meer as 17 miljoen mense gesien is, word op 19 Junie in die Kunstekaap geopen. Dit duur tot 14 Julie.

Dié Suid-Afrikaanse weergawe van dié Broadway-produksie oor die suksesverhaal van die popster Frankie Valli en die Four Seasons is pas in vol sale in Singapoer en Johannesburg opgevoer.

Die rolverdeling van 19 lede sluit in Emmanuel Castis en die verhoogkunstenaars Kirsten Murphy-Rossiter, Jaco van Rensburg, Duane Alexander en Stephen Jubber.

Die groep Four Seasons word vertolk deur Grant Almirall as Frankie Valli, Daniel Buys as Tommy DeVito, Kenneth Meyer as Bob Gaudio en Castis as Nick Massi. Jaco van Rensburg vertolk die rol van Valli in sekere optredes.

*Jersey Boys* is geskryf deur Marshall Brickman en Rick Elice, met musiek deur Bob Gaudio en lirieke deur Bob Crewe. Die produksie se album-opname is in 2006 met 'n Grammy bekroon en die produksie self in 2009 met 'n Olivier-prys. Dit het meer as 50 pryse ontvang.

■ **Bespreek kaartjies by Computicket.**